

GEDRAGSKODE: KAREEHOF KOSHUIS

Hierdie gedragskode is bindend tot **alle** inwoners van Kareehof Koshuis. Alle leerders, asook dagleerders, word onderwerp aan die wette en regulasies van Primêre Skool, Jacobsdal en die SA Skolewet [1996].

KOSHUISGANGERS ONDERNEEM OM ...

- die welvaart, eer en goeie naam van die koshuis deur gedrag en voorbeeld te bevorder en uit te dra buite die koshuisterrein;
- goeie maniere en verfynde hoflikheid teenoor personelede, ouers, werkers, dames, besoekers en medekosgangers te openbaar.

Daar word gepoog om 'n gelukkige en huislike atmosfeer in die koshuis te skep en dit kan alleen gedoen word as elke kosganger hierdie gedragskode stiptelik nakom en die reëls van die koshuis respekteer.

Dit kan gedoen word deur die onderstaande punte saam met die stel reëls te lees, te eerbiedig en na te kom.

1. Die koshuis, jou eie en jou maats se eiendom op te pas en met respek te hanteer.
2. Om die koshuislokale, jou kamer en die terrein netjies te hou.
3. Water en elektrisiteit spaarsamig te gebruik.
4. Geen boeligedrag teenoor my maats en personeel te openbaar nie.
5. Privaatheid van jou maat en personeel te respekteer.
6. Dissipline wat op jou toegepas word te aanvaar en positief daarop te reageer en op te tree.
7. Studietye en stiltetye streng te gehoorsaam en die kosbare tyd effektief te gebruik tot jou eie voordeel.
8. Alle maaltye by te woon en die gebalanseerde kos vir jou voorberei te nuttig en die kos met respek te hanteer. Stilte tydens ete en studie te handhaaf en jou beste maniere hier te openbaar.
9. Om jou gesondheid op te pas en nie siek van die huis af te kom en jou maats en die personeel verontrief nie. Geen leerder mag voorgeskryfde medikasie in sy/haar besit hê nie. Jou eie mediese benodighede sal by die koshuismoeder inhandig word en die register sal voltooi moet word indien jy antibiotika gebruik.
10. Geen gevaarlike speletjies te speel en daardeur jouself en jou maats in gevaar te stel nie.
11. Jy die koshuis nooit sal binnekom of verlaat anders as deur die voordeur van die koshuis en met die nodige toestemming van die toesigkrag of koshuisouers nie. Dat jy nie die koshuisterrein mag verlaat sonder dat jou ouers die uittekenboek geteken het nie.
12. Jy glad nie deur enige persoon behalwe jou ouers uitgeteken mag word sonder die toestemming van die Koshuisouers en dat daardie persoon jou moet uitteken en terugteken. 'n Toestemmingsbrief moet in die besit van die koshuisouers wees of hulle moes telefonies in kennis gestel word.
13. Jy mag glad nie in die week uitslaap of die dorp besoek nie.
14. Jy mag die terrein verlaat vir buitemuurse aktiwiteite en alleenlik van die Zebrastrepe gebruik maak om oor die pad te beweeg.
15. Jy mag net in die middag op die skoolterrein wees as jy aan 'n georganiseerde aktiwiteit deelneem.
16. Inspeksies en toesigkragte se toesig en opdragte sal jy moet respekteer.
17. Geen selfoon in jou besit. Moet Maandae voor skool begin by koshuisvader/-moeder ingehandig word. Gehoorsaam die nuwe selfoonreël soos deur die komitee goedgekeur.
18. Geen elektriese apparaat in jou kamer mag in jou besit of gebruik word nie.
19. Geld in jou kamer of kas sal op jou eie risiko wees of jy kan dit inhandig by die koshuisouers. [Banksakkie met naam en bedrag. Bedrag moet saam met koshuisouers gekontroleer word]
20. Jou kasdeur moet altyd gesluit wees wanneer jy jou kamer verlaat en jou slot se sleutel aan jou vas wees. Daar altyd 'n spaarsleutel by die koshuisvader/-moeder toegesluit sal wees.
21. Goeie telefoonetiket sal gehandhaaf word as jy die telefoon beantwoord en kind roep.
22. Altyd die voorbeeld van die goeie waardes wat jou ouers jou geleer het, sal handhaaf.

Hiermee onderneem ek,(koshuisleerder) om my te onderwerp aan die **Gedragskode** van Kareehof Koshuis. Ek erken ook dat ek alles verstaan soos uiteengesit in die gedragskode en koshuisreëls.

.....
Handtekening van koshuisleerder

.....
Datum

.....
Handtekening van Ouer Voog